RAADSBELEID

ONDERWERP : ROOK IN MUNISIPALE GEBOUE EN VOERTUIE

VERWYSING : 4.6.B

BESLUIT NR : 21.6/05/2003 DATUM : 26 Mei 2003

BELEIDSOOGMERK : Om riglyne vir die rook van tabak in munisipale geboue en -voertuie neer te lê.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad wil deur die daarstelling van ‘n rookbeleid ‘n gesonde werksomgewing skep.

RIGLYNE
1. Rook in munisipale geboue en -voertuie is verbode.

2. Personeel mag slegs op die volgende tye rookbreuke neem:

   Soggens : 09:30 - 09:40
   Namiddae : 14:30 -14:40

3. Daar sal slegs op areas op raadspersele, wat deur die Munisipale Bestuurder uitgewys is, gerook mag word.

4. Kentekens wat rook verbied moet in munisipale geboue en -voertuie aangebring word.

PROSEDURE
1. Tydens rookbreuke moet personeel wat wil rook hul kantore verlaat en slegs in die aangewese plek gaan rook.

2. By oortredings van die beleid sal daar in terme van die Raad se dissiplinêre kode teen amptenare opgetree word.

3. Dat waar uitgewysde areas in Raadsgeboue is, moet dit met die nodige toerusting, soos deur die Wet voorgeskryf, voorsien word.

4. Rookbreuke sal streng deur die betrokke Toesighouers gemonitor word, om te verseker dat produktiwiteit nie nadelig deur rookbreuke affekteer word nie.

ROLLE
Munisipale Bestuurder, Direkteure, Raadslede, Afdelingshoofde en Toesighouers.

VERWANTE BELEID
1. Tabakkontrole Wet.
2. Eerste Standaard Diensvoorwaardes.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.